


WISKUNDE

Graad 6

Week 9

15 – 19

Junie 2020



INSTRUKSIES

- Voltooi alle werk in jou algemene werkboek of enige ander papier/boek vir veilige bewaring.
- Maak van elke geleentheid 'n leergeleentheid.

Onthou jy?

- Tydens laas week se hersiening met vermenigvuldiging het julle 'n paar eienskappe van vermenigvuldiging geleer.
- Hier volg 'n opsomming van hierdie baie belangrike eienskappe:
 - Distributiewe eienskap
 - Kommutatiewe eienskap
 - Assosiatiewe eienskap
 - Eienskap van 0
 - Eienskap van 1

Distributiewe eienskap

Waar getalle afgebreek word in hulle plekwaardes.

Bv.

Gewone manier

$$5 \times \underline{8} = 40$$

$$4 \times \underline{12} = 48$$

Distributiewe benadering

$$\begin{aligned} 5 (\underline{6+2}) &= (5 \times 6) + (5 \times 2) \\ &= 30 + 10 \\ &= 40 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned} 4 (\underline{7+2+3}) &= (4 \times 7) + (4 \times 2) + (4 \times 3) \\ &= 28 + 8 + 12 \\ &= 48 \end{aligned}$$

Kommutatiewe eienskap

Waar getalle in enige volgorde opgetel / vermenigvuldig kan word.

Bv.

Optelling

Jy kan in enige volgorde optel

$$a + b = b + a$$

$$3 + 5 = 5 + 3$$

Vermenigvuldiging

Jy kan in enige volgorde vermenigvuldig

$$a \times b = b \times a$$

$$2 \times 6 = 6 \times 2$$

Assosiatiewe eienskap

Waar getalle in enige kombinasie gegroeppeer kan word vir optelling / vermenigvuldig.

Bv.

Optelling

Wanneer jy optel, kan jy die getalle
in enige kombinasie groepeer

$$a + (b + c) = (a + b) + c$$

$$2 + (5 + 3) = (2 + 5) + 3$$

Vermenigvuldiging

Wanneer jy vermenigvuldig, kan jy die
getalle in enige kombinasie groepeer

$$a \times (b \times c) = (a \times b) \times c$$

$$2 \times (5 \times 3) = (2 \times 5) \times 3$$

Eienskap van 0

Waar getalle in enige kombinasie gegroepeer kan word vir optelling / vermenigvuldig.

Bv.

Optelling

As 0 by 'n getal getel word, bly die getal

net so

$$a + 0 = a$$

$$5 + 0 = 5$$

Vermenigvuldiging

As 'n getal met 0 vermenigvuldig word, is die

antwoord altyd 0

$$a \times 0 = 0$$

$$5 \times 0 = 0$$

Eienskap van 1

Waar getalle in enige kombinasie gegroeppeer kan word vir optelling / vermenigvuldig.

Bv.

Optelling

As 1 by 'n getal getel word, is die antwoord altyd groter as die getal waarby die 1 getel is

$$a + 1 = a + 1$$

$$5 + 1 = 6$$

Vermenigvuldiging

As 'n getal met 1 vermenigvuldig word, bly die getal dieselfde.

$$a \times 1 = a$$

$$5 \times 1 = 5$$

Onthou die

volgende

feite

oor Deel.

1

Deel deur 0

Daar kan nie deur 0 gedeel word nie.

$5 \div 0$ ongedefiniëerd

$\therefore \frac{5}{0} = \text{ongedefiniëerd}$

2

Deel deur die getal self

Enige getal gedeel deur die getal self, gee altyd die antwoord of kwosiënt van 1

$50 \div 50 = 1$

$\therefore \frac{50}{50} = 1$

3

Deel deur 1

Enige getal gedeel deur 1 gedeel word, is die antwoord altyd die deeltal

$25 \div 1 = 25$

$\therefore \frac{25}{1} = 25$

Hersiening

- Hierdie week doen ons hersiening oor deling.
- Gaan noukeurig deur elke aktiwiteit van die meegaande dokument en daag jouself uit om dit op jou eie te voltooi met behulp van die bewerking metodes wat ons reeds aangeleer het.
- Lees jou vrae goed deur en doen presies wat van jou gevra word.

Belangrike nota!

- Onthou dat ons op hierdie stadium langdeling doen met behulp van die wenkebord. Ons gaan na hierdie week se hersiening nog bewerking metodes volg in langdeling.
- Die wenkebord konsep bied aan jou net nóg 'n metode om deling te doen. Probeer om die proses baas te raak, want dit gaan julle baie help met die ander metodes en prosedures aangesien dit vir jou 'n chronologiese denkpatroon aanleer asook om te definieer hoe jou denke plaasvind met deling tegnieke.
- Onthou verder dat ons besig is om ons gereedskapkas vol gereedskap te maak sodat die werkies wat oor ons pad kom ligter gemaak kan word.



Wiskunde Gimnasium



Hier volg jou daaglikse gym-sessies:

- 15 Junie 2020 – Afdeling 6 Deling bl. 1 tot 3

Aktiwiteit 1.1 tot 4.4

- 16 Junie 2020 – Geniet julle Jeudag!
- 17 Junie 2020 - Afdeling 6 Deling bl. 3 tot 5

Aktiwiteit 5.1 tot 6

Gelukkige Jeudag!



16 Junie

Jeudag



Wiskunde Gimnasium


Hier volg jou daaglikse gym-sessies:

- 18 Junie 2020 – Afdeling 6 Deling bl. 5 tot 7

Aktiwiteit 7.1 tot 7.4

- 19 Junie 2020 – Afdeling 6 Deling bl. 7 tot 11

Aktiwiteit 8.1 tot 10.2





**GENIET JULLE
NAWEEK EN BLY
VEILIG!**

